

21 Augustus

1 Kronieke 28 en 29

Wees hardwerkend en vrygewig in God se diens

Kronieke teken Dawid as die eintlike tempelbouer. Alhoewel hy nie self die bouwerk gedoen het nie, het hy al die beplanning gedoen, die planne opgetrek en die boumateriaal versamel.

Die versameling van die boumateriaal was 'n baie groot taak. Dawid se droomtempel moes uiters luuks wees. Daarom het Dawid homself daarop ingestel om onder andere enorme hoeveelhede goud, silwer en edelstene bymekaar te maak. Uiteindelik was dit nog nie vir hom genoeg nie. Daarom dra hy ook sy persoonlike skatte daartoe by en inspireer ook die volk om vrygewig te wees en groot bydraes te maak. In sy dankgebed erken Dawid dat dit alleen moontlik was omdat God self voorsien het. Alles kom uit die hand van God. Dit is ook Hy wat mense lei om vrygewig te wees.

Moet ons ook soveel tyd en geld aan ons kerkgeboue spandeer? Die Here Jesus leer sy kerk dat die koninkryk van God baie belangriker is as die tempel. Ons hoef nie so baie geld aan vergaderplekke te bestee nie. Maar die werk in die koninkryk van God is geweldig groot en ook daarvoor is baie geld nodig. Mag die Here ons ook vrygewig maak om die groot werk wat daar in sy koninkryk is te kan uitvoer. Ons leef immers alleen met dit wat Hy in genade aan ons skenk!

Sing: Skrifberyming 17:6

Ds HB Hattingh (Amanzimtoti)